
# Boesmanland
Werkswinkel

## TATA Handelaar

Herstel van trokke, vurkhysers, voertuie, die verkoop van enige parte en volledige reeks bande.
Ons beskik oor 'n gekwalifiseerde werktuigkundige.

**Na ure: Am van der Westhuizen**

**Kontak:**
Tel & Faks: 027 71 23 504
**Am van der Westhuizen:**
**079 835 6783**
**Nellis Beukes:**
**082 328 3826**




# Waarskuwing oor veiligheid op paaie tydens feesseisoen

**J. Milford**

**NOORD-KAAP** - Die minister van vervoer en publieke werke, Robin Carlisle, het verlede week die ***Dit neem slegs 'n sekonde om 'n lewe te red*** veldtog geloods.

Dit is maak deel van die departement se jaarlikse veldtog ***Veilig Tuis*** uit en het ten doel om meer bewustheid tydens die feesseisoen te kweek. Gedurende hierdie feestyd is daar baie motoriste op paaie wat lang afstande reis om familie en vriende op ander dorpe en stede te kuier.

Hierdie veldtog is 'n R5 miljoen se multi-media veldtog met die klem daarop dat motorbestuurders en passasiers gesteld is op die gebruik van hul veiligheidsgordels. Carlisle sê dat navorsing toon dat die gebruik van 'n veiligheidsgordel, 'n lewe kan red. "As mense nie hul veiligheidsgordels gebruik nie, kan dit 'n ernstige besering of selfs die dood tot gevolg hê."

'n Onlangste studie deur die Universiteit van Stellenbosch se Nood-medisinale eenheid, het die volgende statistieke in Kaapstad getoon: * Slegs 25% van die stad se motoriste gebruik veiligheidsgordels. (23% daarvan is mans en 29% van hulle is vroue). * Die mees ernstige gevalle waar beserings opgedoen is, is persone wat nié veiligheidsgordels gedra het tydens die ongelukke nie. * Die gebruik van veiligheidsgordels op agtersitplekke was 'n verstommende 8.3%.

Sedert Januarie vanjaar tot September, het 920 mense hul lewens op die Kaapse paaie verloor.

Verder sê Carlisle dat sy departement gerat is om die boodskap, dat motoriste hul veiligheidsgordels moet dra, aan die publiek oor te dra.

## ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT
**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS: BASIC ASSESSMENT**
**Department of Environment and Nature Conservation Ref. No: NC/BA/34/NAM/NAM/SPR3/2013(NCP/EIA/0000248/2013)**

## PROPOSED RESIDENTIAL DEVELOPMENT ON ERVEN 4995, 4997, 5007 AND 5009 HARMONY ESTATE, SPRINGBOK

Application for Environmental Authorisation in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) as amended, and the Environmental Impact Assessment Regulations, 2010.

Notice is hereby given of a public participation process as defined in the environmental impact assessment (EIA) regulations made under section 24(5) of the National Environment Management Act 2008 (NEMA) (Act No. 107 of 1998).

**Project Proposal:** The proposed project entails the construction of dwellings and associated infrastructure on Erven 4995, 4997, 5007 and 5009 Harmony Estate, Springbok. Access to the erven will be from Liberty Street.

**Location:** Erven 4995, 4997, 5007 and 5009 are located south of Henry Markus Street and west of Inry Street in Harmony Estate in the northern part of the town of Springbok. The property is owned by CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC and is located within the urban edge.

**Alternative 1:** The proposed construction of dwellings on Erven 4995, 4997, 5007 and 5009 Harmony Estate, Springbok.
Site Coordinates: 29° 39' 08,37" S and 17° 53' 11,14" E.

**"No-Go" Alternative:** The option of not proceeding with the activity will only be recommended if severe issues cause the project to become problematic.

**Applicant:** CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC

**Application for environmental authorisation in terms of the National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act No. 107 of 1998), to undertake the following activity:**
Listed activity in terms of Government Notice No. R.544 (Listing Notice 1 dated 18 June 2010): Activity No. 11: The construction of: (x) buildings exceeding 50 square metres in size; or (xi) Infrastructure or structures covering 50 square metres or more, where such construction occurs within a water-coarse or within 32 metres of a watercourse, measured from the edge of the water-coarse, excluding where such construction will occur behind the development setback line.

A Background Information Document (BID) for public inspection is available at the Bergsig Public Library (Hours: Monday to Thursday: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h00; Friday: 09h30 – 13h00 &13h45 – 15h45, as well as at the Springbok Public Library (Hours: Monday: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h50; Tuesday to Thursday: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 16h50; Friday: 09h30 – 13h50. A copy is also available upon request from the under mentioned Environmental Assessment Practitioner.

To be registered as an interested and affected party (I&AP) please refer to the reference number above and send your name and contact details (preferred method of notification, e.g. E-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which you have in the application to the under mentioned Environmental Assessment Practitioner. The closing date for registration and initial comment is 20 January 2014. Further information regarding the application can be obtained from the under mentioned Environmental Assessment Practitioner.

**Environmental Assessment Practitioner:**
*ENVIRO LOGIC*, P.O. Box 3731, Tyger Valley, 7536.
Contact person: Gert Pretorius Cell: 082 458 9844
Fax: (021) 919 4048. E-mail: gpec12@telkomsa.net
Date of notice: 29 November 2013

# Voorwaarts met 'n besliste oorwinning, sê ANC

**I.J.J Cloete**

**NABABEEP -** Die ANC in die Namakwa streek het verlede Saterdag haar middeltermyn Algemene Streekraad Konferensie in Nababeep gehou. Dit was 'n reuse sukses.

Die doel van die konferensie was om bestekopname te doen en vas te stel watter vordering gemaak is ten opsigte van die implementering van die resolusies van die Port Nolloth konferensie.

Die tema van die byeenkoms was "Voorwaarts met 'n besliste oorwinning in die 2014 verkiesing" en hiertydens is die ag vakante posisies ook gevul. Daar was vurige besprekings oor byvoorbeeld "deployment" en die delegate het dit as 'n ernstige probleem uitgewys, volgens Adel Rooi.

"Ander besprekingspunte was die verdeelde gemeenskappe en takke, maar dit moet as nuwe uitdagings gesien word. Ons het die regte besluite geneem om die streek vorentoe te vat."

Die nuwe verkose Sekretaris van die streek, Fanie Cupido, het in 'n verklaring gesê dat die ANC geweldig vordering gemaak het, sedert die laaste verkiesing en dat die organisasie steeds momentum behou. "Hierdie vordering was duidelik te sien tydens die laaste tussenverkiesing in die Nama Khoi regsgebied. Hierdie groot ondersteuning is weens die harde werk wat die ANC doen, om mense se lewens op 'n positiewe manier te verander."

Die konferensie het hulle tot die volgende doelstellings verbind: * Om vir Nama Khoi terug te wen * Die verbetering van die lewens van die streek se inwoners * Om volgende jaar se verkiesing met ten minste 70% te wen * Om korrupsie te beveg.

Ander knelpunte tydens die konferensie was selfverryking, swak dissipline, nepotisme en posisiesoekery onder lede. Die Streeksraads konferensie het dit ook duidelik gemaak dat hulle alles in hul vermoë gaan doen om die streek en provinsie vir die ANC te wen en te behou in volgende jaar se verkiesing. Delegate wat teenwoordig was, was die van die Ligas, alliansie vennote, taklede, lede van die provinsiale Uitvoerende Komitee en sameroepers.


## SUPPLY OF FUEL AND LUBRICANTS

### TENDER 08/13

Alexkor RMC JV, situated in Alexander Bay at the mouth of the Orange River on the West Coast of South Africa, is involved in diamond mining activities.

Alexkor RMC JV hereby invites interested companies involved in supplying of fuel and lubricants, to submit written expressions of interest for the supply of fuel and lubricants to the mine on a consignment stock basis. Potential companies must have BB BEE credentials with a valid certificate, Tax Clearance Certificate, adequate financial resources and proven expertise in the field.

All interested parties may be asked to sign a confidentiality agreement in order to protect privileged information.

Alexkor RMC JV is committed to affirmative procurement consistent with the PFMA, and the Preferential Procurement Policy Framework Act (2000)

Parties interested to submit the **Expression Of Interest** that will be used to short-list preferred bidders must submit a company profile electronically and in PDF format to Raygen Phillips at tenders@alexkor.co.za.

**Closing Date : Friday, 20 December 2013 at 10H00.**

ALEXKOR

RMC


## OMGEWINGSIMPAKBEOORDELING

**OPENBARE DEELNAMEPROSES: BASIESE IMPAKBEPALING**

**Departement van Omgewing en Natuurbewaring Verw. Nr: NC/BA/34/NAM/NAM/SPR3/2013 (NCP/EIA/0000248/2013**

### VOORGESTELDE RESIDENSIËLE ONTWIKKELING OP ERWE 4995, 4997, 5007 EN 5009 HARMONY ESTATE, SPRINGBOK

Aansoek om Omgewingsmagtiging in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) 1998, (Wet Nr. 107 van 1998) soos gewysig en die Omgewingsinvloedbepalings Regulasies van 2010.

Kennis word hiermee gegee van 'n openbare deelname proses ingevolge die Omgewingsinvloedbepalings Regulasies 2010 uitgevaardig in terme van artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2008 (Wet Nr. 107 van 1998).

**Projek Voorstel:** Die voorgestelde projek behels die konstruksie van woonhuise en verwante infrastruktuur op erwe 4995, 4997, 5007 and 5009 Harmony Estate, Springbok. Toegang tot die erwe sal verkry word vanaf Libertystraat.

**Ligging:** Erwe 4995, 4997, 5007 en 5009 is geleë suid van Henry Markusstraat en wes van Inrystraat in Harmony Estate in die noordelike gedeelte van Springbok. Die eiendom is geleë binne die stedelike randgebied. CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC is die eienaars van die eiendom.
**Alternatief 1: Alternatief 1:**Die voorgestelde konstruksie van woonhuise op erwe 4995, 4997, 5007 en 5009 Harmony Estate, Springbok. Terrein koördinate: 29° 39' 08,37" S en 17° 53' 11,14" O

**"Status Quo" (Bestaande toestand) Alternatief:** Die alternatief om nie voort te gaan met die aktiwiteit nie sal alleenlik aanbeveel word indien ernstige kwessies tot gevolg sal hê dat die projek problematies word.

**Aansoeker: CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC**

**Aansoek vir omgewingsmagtiging in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) om die volgende aktiwiteit te onderneem:**
Gelyste aktiwiteit in terme van Goewermentskennisgewing Nr. R.544 (Gelyste Kennisgewing 1, gedateer 18 Junie 2010), Aktiwiteit Nr. *11: Die konstruksie van: (x) geboue wat 50 vierkante meter in grootte oorskry; of (xi) Infrastruktuur of strukture met 'n dekking van 50 vierkante meter of meer, waar sodanige konstruksie plaasvind binne 'n waterloop of binne 32 meters van 'n waterloop, gemeet vanaf die rand van die waterloop, uitgesluit waar sodanige konstruksie sal plaasvind agter die ontwikkelings terugsetlyn.*

'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is vir openbare inspeksie beskikbaar by die Openbare Biblioteek Bergsig,(Ure:Maandag tot Donderdag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h00; Vrydag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 15h45, asook by die Openbare Biblioteek Springbok (Ure: Maandag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h50; Dinsdag tot Donderdag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 16h50; Vrydag: 09h30 – 13h50. 'n Afskrif kan ook aangevra word by die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn.

Om geregistreer te word as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B & GP) verwys asseblief na die verwysingsnommer hierbo en stuur u naam en kontakbesonderhede (voorkeur-metode van kennisgewing, bv E-pos adres of faksnommer) en' n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële , persoonlike, of ander belange wat u het in die aansoek na die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn. Die sluitingsdatum vir registrasie as 'n Belanghebbende & Geaffekteerde Party en voorlopige kommentaar is 20 Januarie 2014. Verdere inligting oor die aansoek kan verkry word van die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn.

**Omgewingsimpakbepalings Praktisyn:**
Enviro Logic, Posbus 3731, Tygervallei, 7536.
Kontak: Gert Pretorius Sel: 082 458 9844
Faks: (021) 919 4048; E-pos : gpec12@telkomsa.net
Datum van kennisgewing: 29 November 2013